

27 *Dinsdag***SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 9:1-13; 16:1-4; 19:24-30****FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 16:1-4****Siba, geen ware rentmeester nie!**

**S**iba was aanvanklik in diens van koning Saul. Hy was 'n opsigter of rentmeester. 'n Rentmeester was iemand wat met groot noukeurigheid iemand anders se besittings en geld bestuur het. Siba se lewensverhaal vertel egter die teendeel. Hy is deur gierigheid en selfsug gedryf om meer en meer vir homself in te palm.

Koning Dawid het vir Siba aangestel om na Saul se gebrekklike kleinseun, Mefiboset, om te sien en sy belange te bestuur (hfst. 9). Wanneer Dawid tydens Absalom se opstand uit Jerusalem vlug, ontmoet hy onverwags vir Siba met kosvoorrade (hfst. 16).

Dit lyk egter asof dit nie so "onverwags" was nie. Siba het dit so beplan: eerstens om Dawid se goeie guns daardeur te wen, en ook om die geleentheid te kry om sy baas te beskinder en by Dawid van ontrouheid te beskuldig. Met die leuens probeer hy 'n houvas op Mefiboset se besittings kry. Dawid reageer presies soos Siba gehoop het en gee al Mefiboset se besittings aan hom.

Wanneer Dawid uiteindelik na Jerusalem terugkeer (hfst. 19), verseker Mefiboset hom van sy lojaliteit. Dit is duidelik dat Siba leuens aan Dawid vertel het. Dit lyk asof Dawid nie oortuig is nie, want hy gee opdrag dat Mefiboset en Siba die grond moet deel.

Die geskiedenis van Siba leer ons hoe ons nie as rentmeesters van die Here mag optree nie. As rentmeesters van die Here besit ons niks as ons eie nie. Alles behoort aan Hom. Die Here vertrou egter sekere goed aan ons toe wat ons moet bestuur. Dit moet ons getrou doen, sodat ons ook ander kan help wat behoeftig is.

Ware rykdom is om as getroue rentmeesters ryk in Christus te wees. Hy het hoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword, sodat ons deur sy armoede ryk kon word (2 Kor. 8:9).

*Sing: Psalm 4:3, 4 (1936)**Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*